**HOËRSKOOL**
**VAALPARK**
**HIGH SCHOOL**

DIE SKOOL BY UITNEMENDHEID
THE SCHOOL OF EXCELLENCE

TEL: (016) 971 2025 P.O. BOX 62055
FAX: (016) 971 1012 35 LANGEBERG STREET
VAALPARK, 1948
WEB: WWW.VAALPARKHIGH.CO.ZA
EMAIL: ADMIN@VAALPARKHIGH.CO.ZA
BANKING DETAILS:
ABSA SASOLBURG
BANK ACC NO: 520-391-681
BRANCH CODE: 335-036

23/01/2023

**OMSENDBRIEF 1: TERMYN 1**
***CIRCULAR LETTER 1: TERM 1***

1. **Welkom terug / *Welcome back***
2. **Personeel / *Staff***
3. **Skoolfonds 2023 / *School fees 2023***
4. **Nuwe Graad 8-groep / *New Grade 8 group***
5. **Graad 12 uitslae: 2022 / *Grade 12 results: 2022***
6. **Tussenverkiesing: Beheerliggaam / *By-election: Governing Body***
7. **Kalender vir termyn 1 / *Calendar for term 1***

---

Beste Ouer / Voog
*Dear Parent / Guardian*

**1. Welkom**
Ons wil u graag terug verwelkom aan die begin van 'n splinternuwe jaar en ons sien uit na 'n opwindende 2023. Daar is baie aktiwiteite wat hierdie termyn voorlê. Lees asseblief hierdie omsendbrief baie noukeurig om seker te maak u is op datum met alles.

***Welcome***
*We would like to welcome you to a brand-new year and we look forward to an exciting 2023. There are many activities planned for this term. Please read this circular letter thoroughly to ensure that you are up to date with everything.*

**2. Personeel**
Eerstens wil ons u meedeel dat ons steeds in die proses is om 'n skoolhoof aan te stel. As alles volgens plan verloop, sal ons teen die tweede kwartaal hierdie persoon aan u kan bekendstel. Intussen staan sake as volg:

- Mev. Brenchè van den Berg is steeds ons waarnemende skoolhoof.
- Mev. Magda Degenaar en Mnr Jurgen van Rensburg is steeds ons waarnemende adjunkhoofde.
- Mnr. Johan Esterhuizen is steeds 'n permanente departementshoof.

Dan kan ons ook met trots die volgende nuwe personeellede verwelkom:

- Mnr. Altus van Zyl is verantwoordelik vir Tegnologie Graad 8 en LO Graad 10 tot 12.
- Mev. Hannelie Eberlein is verantwoordelik vir Afrikaans en Engels Graad 8 tot 10 en Drama Graad 8 en 9.
- Mej. Katrien van der Merwe is in beheer van Lewenswetenskappe Graad 10 en 11, Wiskunde Graad 10 en Natuurwetenskappe Graad 8 en 9.
- Mnr. Marno Dowling, 'n ou-bekende by ons skool, is weer terug en hy is verantwoordelik vir Fisiese Wetenskappe Graad 10 en 11, Wiskunde Graad 8 en Natuurwetenskappe Graad 8 en 9.
- Mej. Maria Mbiba is in beheer van Gasvryheidstusdies Graad 10 tot 12 en LO Graad 8 tot 12
- Mnr. Zander Erasmus is deur die Onderwysdepartement by ons aangestel en hy is in beheer van dissipline, veiligheid en sekuriteit.

Baie, baie welkom aan al ons nuwe gesigte. Ons sien daarna uit om 'n lang en suksesvolle pad met julle te stap.

***Staff***

*We are still in the process of appointing a principal and if all goes according to plan, we will be able to introduce this new person to you at the beginning of the second term. Meanwhile, the following people will oversee events at our school:*

- *Mrs Brenchè van den Berg is still our acting principal.*
- *Mrs Magda Degenaar and Mr Jurgen van Rensburg are still our acting deputy principals.*
- *Mr Johan Esterhuizen is still a permanent head of department.*

*Then we would like to proudly welcome the following new staff members:*

- *Mr Altus van Zyl is responsible for Technology Grade 8 and LO Grade 10 to 12.*
- *Mrs Hannelie Eberlein is responsible for Afrikaans and English Grade 8 to 10 and Drama Grade 8 and 9.*
- *Miss Katrien van der Merwe is in charge of Life Science Grade 10 and 11, Mathematics Grade 10 and Natural Science Grade 8 and 9.*
- *Mr Marno Dowling, a well-known face at our school, is back with us again and he is responsible for Physical Science Grade 10 and 11, Mathematics Grade 8 and Natural Science Grade 8 and 9.*
- *Miss Maria Mbiba oversees Hospitality Studies Grade 10 to 12 and LO Grade 8 to 12.*
- *Mr Zander Erasmus has been appointed by the Department of Education and he oversees discipline, safety and security at our school.*

*A warm word of welcome to all the new faces. We look forward to a long and successful working relationship.*

**3. Skoolfonds 2023**

Op die jaarlikse begrotingsvergadering in Desember 2022, is daar besluit dat jaarlikse skoolfooie R15 000 beloop, wat in 10 maandelikse paaiemente van R1 500 per maand betaal word. Die volle jaarlikse bedrag moet teen 30 November 2023 vereffen wees ten einde regstappe te voorkom. Kontak gerus Mev. Booyens of Mev. Harmse in die finansiële kantoor vir meer inligting.

***School Fees 2023***

*At the annual budget approval meeting in December 2022, it was decided that the annual school fees would be R15 000, payable over a period of 10 months in monthly instalments of R1 500. The total annual amount must be paid in full by 30 November 2023 to avoid legal steps. Please contact Mrs Booyens or Mrs Harmse in the financial office for details.*

**4. Nuwe Graad 8-groep**

Ons wil ‘n spesiale woord van welkom rig aan ons nuwe Graad 8-groep, hul ouers en voogde. Hierdie groep seuns en dogters het op 11 Januarie by ons aangesluit as “Boemelaars” (dit was die tema van hul inlywing). Hulle het intussen op ‘n avontuurkamp gegaan en hulle is nou druk besig om te oefen vir hul Groentjiekonsert wat op 2 Februarie 2023 om 18h00 in die skoolsaal sal plaasvind. Die oggend na afloop van die konsert word die groep amptelik aan die skool voorgestel as volwaardige leerders van Hoërskool Vaalpark tydens ‘n klokseremonie.

Graad 8-ouers en -voogde, let asseblief op na die belangrike datums wat op u Graad 8-kind betrekking het. Dit verskyn in die kalender vir termyn 1 van 2023, hieronder in punt 7 van die brief.

***New Grade 8 group***

*We would like to extend a special word of welcome to our new Grade 8 group, their parents, and their guardians. On 11 January, this group of boys and girls arrived here as “Hobos” (this was the theme of their induction). In the meantime, they have gone on an adventure camp and they are now practicing for their Grade 8 concert which will take place on 2 February 2023 at 18h00 in the school hall. The morning after the concert, they will officially be presented as fully-fledged learners of Vaalpark High School during a bell ceremony.*

*Grade 8 parents and guardians, please take special note of dates of importance for your Grade 8 child. Those dates appear in the calendar for term 1 of 2023 under point number 7 of this letter.*

**5. Graad 12 uitslae: 2022**

Ons slaagsyfer vir die Graad 12 groep van 2022 is 92,4%. Dit plaas ons onder die top skole in die Fezile Dabi distrik. Naledi Likhethe het 4 onderskeidings behaal, wat haar ons top Matrikulant van 2022 maak. Baie geluk!

Ons wil graag ook ons onderwysers baie hartlik bedank vir hul volgehoue harde werk, deursettingsvermoë en omgee vir die leerders.  Sonder julle toewyding sou ons nie sukses kon bereik nie.  Dankie ook aan ons beheerliggaam en ouers vir die hulp en ondersteuning.

Graad 12 leerders van 2022 moet kennis neem van die volgende belangrike datums:

- 31 Januarie 2023 om 14h00:  Sperdatum vir aansoek om hermerk.
- 6 Februarie 2023 om 14h00:  Sperdatum vir aansoek om te herskryf.

***Grade 12 results: 2022***

*Our pass rate for the Grade 12 group of 2022 is 92,4%.  This places our school amongst the top schools in the Fezile Dabi district.  Naledi Likhethe achieved 4 distinctions, making her our top Matriculant for 2022.  Congratulations!*

*We also want to thank our teachers for their persistent hard work, perseverance and caring for our learners.  Without your commitment, we would not have been able to achieve success.  Thank you to our governing body and parents for the help and support.*

*Grade 12 learners of 2022 must take note of the following important dates:*

- *31 January 2023 at 14h00:  Deadline for applications to re-mark.*
- *6 February 2023 at 14h00:  Deadline for applications to re-write.*

**6.  Tussenverkiesing: Beheerliggaam**

Soos aan u gekommunikeer in die laaste omsendbrief van 2022, gedateer 9 Desember, het ons drie vakante posisies op ons beheerliggaam.  Nominasies is tot en met Vrydag, 20 Januarie 2023 aanvaar en ons het op Maandag, 23 Januarie 2023 om 07h00 ‘n nominasievergadering gehad, waarna ons dadelik die stembusse geopen het.

Om die resultate geldig te verklaar, moet ‘n kworum van 15% van ouers / wettige voogde op die skool se toelatingsregister stem.  Ongelukkig is ‘n kworum nie met die stemming op 23 Januarie bereik nie.  Die volgende stemdag sal dus op 30 Januarie vanaf 07:00 tot 10:00 plaasvind.  Geen kworum is nodig vir die tweede stemdag nie en die uitslae van die stemming is dan finaal.  Alle wettige ouers en voogde van leerders mag stem, mits hulle op die stemrol is en hulself positief kan identifiseer (byvoorbeeld deur middel van ‘n ID of bestuurslisensie).

Dit is ouers / wettige voogde se verantwoordelikheid om te verseker dat hul name op die skool se toelatingsregister verskyn.  Die register is ter insae vir enige persoon.  Slegs ouers wie se name op die toelatingsregister verskyn, sal toegelaat word om aan die beheerliggaamsverkiesing deel te neem.  Kontak gerus die skoolhoof vir meer inligting aangaande die beheerliggaamsverkiesing.

***By-election: Governing Body***

*As communicated to you in the last circular of 2022, dated 9 December, we have three vacancies on our Governing Body. Nominations were accepted until Friday, 20 January 2023 and on Monday, 23 January 2023 at 07h00, we had our nomination meeting, whereafter the voting polls were opened.*

*For the election to be declared valid, a quorum of 15% of parents / legal guardians on the school's admission register must vote on the day. Unfortunately a quorum of 15% was not obtained on 23 January, and therefore a second voting day will be scheduled for 30 January from 07:00 to 10:00. No quorum is necessary for the second voting day and results of that vote will be final. All legal parents and guardians of learners may vote, on condition that their names appear on the voters roll and they are able to identify themselves (ID or drivers license will do).*

*It is the responsibility of the parents / legal guardians to ensure that their names appear on the admission register. The register is available at school for perusal. Only people whose names appear on the admission register will be eligible to take part in the election. Contact the principal for more information regarding this election.*

## 7. Kalender vir termyn 1: 2023
## *Calendar for term 1: 2023*

| DATUM / DATE: | AKTIWITEIT / ACTIVITY: | BESONDERHEDE / DETAILS: |
|---|---|---|
| 25/01/2023 | Skool is gesluit vir Graad 9-12, maar Graad 8's moet inkom.<br><br>*School is closed for Grade 9-12, but Grade 8's must come in.* | As gevolg van departementele vergaderings vir onderwysers, sal die skool op hierdie dag vir Graad 9-12 leerders gesluit wees. Slegs Graad 8 leerders moet van 08h00 tot 13h00 inkom vir konsertoefening. Hulle mag gewone klere dra en moet hul eie verversings bring.<br><br>*Due to departmental meetings for teachers, the school will be closed for Grade 9-12 learners on this day. Only Grade 8 learners must come in between 08h00 and 13h00 for concert practice. They may wear regular clothing and must bring their own refreshments*. |
| 26/01/2023 | Interhuis-atletiek by die DP de Villiers Stadion in Sasolburg. | Hierdie atletiekbyeenkoms is <u>verpligtend vir alle leerders</u>. Die dag beloof om groot pret te wees. Ons atlete gaan teen Afrikaanse Hoërskool Sasolburg deelneem en ons het entosiastiese toeskouers op die paviljoen nodig! Leerders moet hul eie vervoer gebruik en moet om 07h30 by die stadion aanmeld. Die dag sal om 14h00 eindig. Leerders moet hul Hoërskool Vaalpark sporthempie met 'n kortbroek of denim aantrek. Hulle kan ook hul formele skooldrag aantrek, maar <u>geen</u> leerder met <u>gewone klere</u> ("civvies") sal op die perseel toegelaat word nie! Leerders met gewone klere en leerders wat nie opdaag nie, word afwesig gemerk vir die dag. Leerders wat wel daar is, sal <u>dienspunte</u> vir die dag ontvang. Daar is 'n snoepie beskikbaar en leerders kan geld vir verversings saambring. |

| | | |
|---|---|---|
| | <br><br><br><br>*Inter-house athletics at the DP de Villiers Stadium in Sasolburg.* | Onthou dat <u>geen leerder</u> die stadium voor die einde van die byeenkoms mag verlaat nie, tensy daardie leerder se ouer / voog die leerder persoonlik by die hoof of adjunkhoof kom uitteken.<br><br>*This athletics meeting is <u>compulsory for all learners.</u> The day promises to be great fun! Our athletes will compete against Afrikaanse Hoërskool Sasolburg and we need enthusiastic supporters on the pavilion! Learners must use their own transport and must report to the stadium at 07h30. The day will end at 14h00. Learners must wear their Vaalpark High School sport shirt with a short or jean. They can also wear formal school clothes, but <u>no</u> learner wearing <u>regular clothes</u> ("civvies") will be allowed on the premises! Learners wearing regular clothes and learners who do not show up on the day, will be marked absent. However, all learners attending this day will receive <u>service marks</u>. There will be a tuck shop, so bring money for refreshments. Remember <u>no learner</u> may leave the stadium before the end of the day, unless a parent or guardian personally signs out the learner at the principal or deputy principal.* |
| 30/01/2023 | Tussenverkiesing: Beheerliggaam.<br><br>*By-election: Governing Body.* | Ons verwys u na punt 6 hierbo vir volle besonderhede.<br><br>*We refer you to point 6 above for full details.* |
| 02/02/2023 | Groentjiekonsert en Graad 8 oueraand en -braai.<br><br>*Grade 8 Concert, Grade 8 parents evening and -braai.* | Direk na afloop van die Groentjiekonsert (soos bespreek in punt 4 hierbo), sal daar 'n Graad 8 ouervergadering asook 'n braai vir alle nuwe Graad 8 ouers wees. Hierdie is die ideale geleentheid om u kind se onderwysers te ontmoet. U sal binnekort 'n formele uitnodiging ontvang.<br><br>*Directly after the Grade 8 Concert (as discussed in point 4 above), we will have a Grade 8 parents meeting and a braai for all new Grade 8 parents. This is a great opportunity to meet your child's teachers. You will receive a formal invitation shortly.* |
| 07/02/2023 | Prysuitdeling vir Graad 9 tot 12.<br><br>*Prize-giving for Grade 9 to 12.* | Hierdie prysuitdeling is 'n spoggerige geleentheid waartydens ons die leerders wat in 2022 goed presteer het, beloon. Dit begin om 17h30 vir 18h00 en sitplek is beperk. Moet dit nie misloop nie.<br><br>*This prize-giving function is a prestigious event, where we reward those learners who performed well in 2022. It starts at 17h30 for 18h00 and space is limited. Don't miss out.* |
| 08/02/2023 & 09/02/2023 | Vaalrivier atletiekbyeenkoms.<br><br>*Vaal River athletics meeting.* | Atlete wat by die Interhuis atletiekbyeenkoms op 26 Januarie gekwalifiseer het, sal by die DP de Villiers Stadion teen skole uit die omgewing meeding vir 'n plek in die volgende byeenkoms. U sal in kennis gestel word indien u kind een van daardie atlete is.<br><br>*Athletes who qualified at the Inter-house athletics meeting on 26 January, will compete at the DP de Villiers Stadium against schools in the region for* |

| | | |
|---|---|---|
| | | *a place in the next meeting. You will be notified if your child is one of those athletes.* |
| 13/02/2023 | Oueraand: Graad 9 tot 11 leerders.<br><br>*Parents' evening: Grade 9 to 11 learners.* | Alle ouers en voogde van Graad 9 tot 11 leerders word uitgenooi om hierdie oueraand by te woon. Dit sal om 17h30 vir 18h00 begin, en baie belangrike inligting sal met u gedeel word. U sal ook opleiding vir die nuwe "D6 Connect" stelsel ontvang. Woon dit asseblief by.<br><br>*All parents and guardians of Grade 9 to 11 learners are invited to attend this parents' evening. It will start at 17h30 for 18h00, and very important information will be shared. You will also receive training for the new "D6 Connect" system. Please attend.* |
| 15/02/2023 & 16/02/2023 | Fezile Dabi atletiekbyeenkoms.<br><br>*Fezile Dabi Athletics meeting.* | Atlete wat by die Vaalrivier atletiekbyeenkoms op 8 en 9 Februarie gekwalifiseer het, sal by die DP de Villiers Stadion teen skole uit die omgewing meeding vir 'n plek in die volgende byeenkoms. U sal in kennis gestel word indien u kind een van daardie atlete is.<br><br>*Athletes who qualified at the Vaal River athletics meeting on 8 and 9 February, will compete at the DP de Villiers Stadium against schools in the region for a place in the next meeting. You will be notified if your child is one of those athletes.* |
| 17/02/2023 | Valentynsbal.<br><br>*Valentine's Ball.* | Hierdie formele dans is een van die hoogtepunte op die skoolkalender en alle leerders vanaf Graad 8 tot 12 word uitgenooi om dit by te woon. Ons sal binnekort volledige besonderhede hieroor deurgee.<br><br>*This formal dance is one of the highlights on the school calendar and all learners from Grade 8 to 12 are invited to attend. We will communicate further details shortly.* |
| 21/02/2023 | Oueraand: Graad 12 leerders.<br><br>*Parents' evening: Grade 12 learners.* | Alle ouers en voogde van Graad 12 leerders word uitgenooi om hierdie oueraand by te woon. Dit sal om 17h30 vir 18h00 begin, en baie belangrike inligting sal met u gedeel word. U sal ook opleiding vir die nuwe "D6 Connect" stelsel ontvang. Woon dit asseblief by.<br><br>*All parents' and guardians of Grade 12 learners are invited to attend this parents evening. It will start at 17h30 for 18h00, and very important information will be shared. You will also receive training for the new "D6 Connect" system. Please attend.* |
| 22/02/2023 | Multi Green atletiekbyeenkoms.<br><br>*Multi Green athletics meeting.* | Atlete wat by die Fezile Dabi atletiekbyeenkoms op 15 en 16 Februarie gekwalifiseer het, sal by die DP de Villiers Stadion teen skole uit die omgewing meeding vir 'n plek in die volgende byeenkoms. U sal in kennis gestel word indien u kind een van daardie atlete is.<br><br>*Athletes who qualified at the Fezile Dabi athletics meeting on 15 and 16 February, will compete at the DP de Villiers Stadium against schools in the region for a place in the next meeting. You will be notified if your child is one of those athletes.* |

| | | |
|---|---|---|
| 06/03/2022 | Eksamen begin vir Graad 8 tot 12.<br><br>*Exam starts for Grade 8 to 12.* | Die eksamenrooster sal deurgegee word. Leerders moet asseblief hard leer en hul beste gee.<br><br>*The exam timetable will be handed out. Learners must please study hard and give their best.* |
| 24/03/2023 | Die skool sluit vir termyn 1.<br><br>*The school closes for term 1.* | Skole sal weer op 12 April 2023 vir termyn 2 heropen.<br><br>*Schools will re-open on 12 April 2023 for term 2.* |

Laastens wil ons leerders daaraan herinner dat Vrydag, 27 Januarie DAG 1 op die skoolrooster sal wees. Ons wil ook ouers en voogde daarop wys dat ons skakelbord ongelukkig nie tydens beurtkrag werk nie. U sal ons dus per e-pos moet kontak gedurende daardie tye. Die beurtkragrooster vir Vaalpark is op verskeie platforms beskikbaar.

*Lastly, we would like to remind learners that Friday, 27 January will be DAY 1 on the school timetable. We also want to remind parents and guardians that our switchboard is out of order during loadshedding. You will have to contact us via email during these times. The loadshedding schedule for Vaalpark is available on various platforms.*

Ons wens u alle voorspoed to vir die komende kwartaal, en ons wil ‘n beroep op u doen om asseblief so betrokke as moontlik te wees by u kind en sy / haar skoolwerk. Dit is uiters belangrik en ons maak staat op u samewerking.

*We wish you all the best for this coming term and we want to appeal to you to be as involved as possible in your child’s schoolwork. It is vitally important and we count on your co-operation.*

Vriendelike groete
*Warm regards*

Me. B. van den Berg

**WAARNEMENDE HOOF**
***ACTING PRINCIPAL***